**Dawid word koning oor die hele Israel**

**1 Kron 10:1-11:3**

**6 Oktober 2024**

1. Vantevore: Dawid is gesalf as koning, maar Saul was nog koning. Dawid oorwin Goliat – die Here gee die oorwinning deur Dawid, die seun van Isai, uit Betlehem. Dawid is 'n Ou Testamentiese tipe van die Here Jesus
2. Saul se sterwe (1 Kron 10:1-14, 1 Sam 31:1-13, 2 Sam 1:1-16)
    a. Saul en sy 3 seuns sterf in oorlog teen die Filistyne
    b. Die Filistyne kap sy kop af; sy wapens – tempel van Astartes, sy kop – tempel van Dagon, sy lyf – muur van Bet-San
    c. Amalekiet vertel vir Dawid hy het Saul doodgemaak – Dawid laat hom doodmaak
    d. Dawid rou oor Saul se dood
    e. Saul het gesterf omdat hy troubreuk teen die Here gepleeg het
3. Dawid word koning oor Juda (2 Sam 2:1-11)
    a. Die Here sê Dawid moet terugkeer na Hebron
    b. Juda kroon Dawid as hulle koning
    c. Abner (Saul se leërbevelvoerder) kroon Isboset (Saul se seun) as koning oor die res van Israel
4. Dawid word koning oor die hele Israel (2 Sam 2:12-5:5)
    a. Burgeroorlog tussen Israel en Juda – Abner maak Asael, Joab (Dawid se leërbevelvoerder) se broer, dood (2 Sam 2:12-32)
    b. Abner draai teen Isboset, help om Dawid koning oor Israel te maak (2 Sam 3:1-12)
    c. Joab maak Abner dood (2 Sam 3:22-39)
    d. Isboset word vermoor deur rowers, sy kop afgekap (2 Sam 4:1-12)
    e. Res van Israel salf ook Dawid as koning (2 Sam 5:1-2)
5. Wat leer ons uit die gebeure met Saul?
    a. Weens Saul se troubreuk kwalifiseer hy nie vir koning waaraan ons behoefte het nie
    b. Saul/Isboset/Goliat/Dagon se koppe afgekap – soos die slang se kop vermorsel word – Saul is nie deel van die ware Israel nie
6. Wat leer ons uit die gebeure met Dawid?
    a. Dawid wag geduldig om koning te word van hele volk – Jesus wag tot volheid van tyd
    b. Dawid treur oor Saul en Abner se dood – Jesus treur oor Jerusalem (Mat 23:37)
    c. Dawid oordeel oor die Amalekiet, Baäna, Regab – Jesus is Regter wat oordeel
    d. Dawid is herder vir die volk – Jesus is die goeie Herder (Joh 10:11)
7. Wat leer ons uit die gebeure met die volk?
    a. Die volk neem met verloop van tyd kennis van Dawid se optrede, en van die uitsprake van die Here oor Dawid
    b. Eers snap Juda, dan Abner, en dan die res van die volk: Dawid is die koning!
8. Toepassing:
    a. Om te glo is rasioneel, want:
        - Die Here beloof in die Ou Testament
        - Die Ou Testament is volledig opgeskryf voor die aanbreek van die Nuwe Testament
        - Die Nuwe Testament vervul die beloftes in die Ou Testament